

Donderdag 18 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 93
(1933/53-vertaling)

Fokusgedeelte: Psalm 93:1, 4

God is geweldig bo al die waters

Psalm 93 is een van die Psalms wat God se Koningskap besing. Vers 4 leer dat die HERE geweldig in die hoogte is, meer as die gebruis van groot geweldige waters, van die golwe van die see. Die HERE se troon staan vas bo al die gebruis van die waters van ewigheid af.

Die skeppingslied Psalm 104:6-10 leer dat Hy met die skepping vir die see, strome en riviere 'n grens gestel het waaroor hulle nie mag gaan nie. Hy is Koning oor die waters van die aarde. Hierdie Koningsheerskappy dat die HERE geweldig in die hoogte bo die waters is, het Jesus ook duidelik geopenbaar toe Hy en sy dissipels in die storm op die see was en Hy die wind en see bestraf het en daar 'n groot stilte gekom het (Matt. 8:24, 26).

Maar net so geweldig is God Koning oor die gebruis van die volkesee. Psalm 65:8 leer dat die Here ook die gebruis van die volkesee stilmaak. In Psalm 2 sing ons van die wilde heidendom wat dring en dryf en volke wat in opgewondenheid raas teen God en sy Gesalfde Jesus Christus, maar God die HEER wat sy gedugte stoel bo sterre stig, lag en spot oor hulle vrugtelose gewoel. Uiteindelik sien Johannes in Openbaring 21:1 dat hierdie onstuimige volkesee in die ewigheid nie meer daar sal wees nie. God maak in Christus ook hulle storm ewig stil.

Die HERE is ook as Koning net so geweldig oor die watervloede wat oor ons lewens spoel. As ons in beproewing en benoudhede is, soos die digter van Psalm 42:8 en Jona in hoofstuk 2:3 uitroep, "al u bare en golwe het oor my heengegaan", ervaar ons ook soos Israel (Ps. 107:28, 29) in hulle angs dat God daardie waters in bedwang bring en die storm 'n gesuis maak en hulle golwe het stil geword.

Deur die HERE, die God van die verbond, se genade in Jesus Christus ervaar ons sy Koningskap, dat Hy geweldig in die hoogte is, in die fisiese storms, in die storms wat in die volkesee woed, in die storms van ons lewe, dat Hy dit stilmaak sodat die wêreld vasstaan en nie wankel nie. Gelukkig dus vir die wat deur die Heilige Gees se werking hulle vertrou op Hom stel, want Hy bly getrou teenoor sy kinders (vs 5).

Sing: Psalm 93-1:1, 2, 3, 4

Ds. CJJ Putter (Jaco) (Potgietersrus)